CARBON NEUTRAL

TOYOTA
LEAD THE WAY

# MEDIA RELEASE

11 April 2023

## TOYOTA KONDIG WENNERS VAN 16DE DROOMMOTOR-KUNSKOMPETISIE AAN

Johannesburg, Suid-Afrika – Toyota Suid-Afrika Motors (TSAM) het vandag die wenners van die 16de jaarlikse Toyota-droommotor-kunskompetisie by 'n prysuitdelingsgeleentheid by sy hoofkantoor in Sandton aangekondig.

TSAM het kinders tot die ouderdom van 15 jaar vroeër vanjaar genooi om tekeninge van hul mees kreatiewe mobiliteitsoplossings van die toekoms in te dien. Die kompetisie is in drie ouderdomskategorieë verdeel: Onder 8's, 8 tot 11 jaar en 12 tot 15 jaar.

"Ná 'n onderbreking in 2022 en twee jaar wat die toekenningseremonie weens die Covid-19-pandemie virueel aangebied is, was dit wonderlik om die droommotor-finaliste weer na Toyota te nooi en die trots van die wenners langs hul onderskeie kunswerke te sien," sê Glenn Crompton, visepresident van verkope en bemarking vir TSAM.

Yusuf Adam se "Toyota Eco-Cruiser" het die eerste plek in die afdeling vir 8-11-jariges behaal. Dit is 'n vlieënde motor wat deur sonenergie en windturbines aangedryf word, en is ontwerp om die wêreld se omgewingsuitdagings te bekamp. Yusuf sê sy droommotor maak ook die oseane skoon, beskerm diere teen stropers en verskaf lig en energie aan stede.

Louchenzo Ramsay, die wenner in die 13-15-groep, sê sy kunswerk, die "Toyota Fly Higher", is geïnspireer deur 'n droom om 'n motor te hê wat kan vlieg en elke dag gebruik word. Sy droommotor is nie net eko-vriendelik nie, maar hy hoop sy skepping sal mense beïnvloed om op 'n avontuur te gaan en die wêreld te verken.

Die eerste prys in die afdeling vir kinders jonger as agt jaar het aan Kimberley Aravasundrayen gegaan vir nog 'n motor wat as 'n padmotor en vliegtuig kan dien – die "Toyota Fly Car". Sy sê haar droomotor vlieg teen 'n hoë spoed, het 'n oop dak en selfs ingeboude musiekinstrumente vir die insittendes.

Die kompetisie, wat meer as 14 500 inskrywings gelok het, het ook vier naaswenners in elke afdeling erken en verseker dat hulle nie met leë hande terugkeer nie.

Die pryse in al drie afdelings was:
Wenners in die vyfde plek het 'n geskenkbewys ter waarde van R2 000 ontvang.
Wenners in die vierde plek het 'n Samsung Galaxy-tablet ontvang.


•• PROTECTED 関係者外秘

Die derdeplekwenners het ’n HP Notebook ontvang.
Die naaswenners (tweede plek) het ’n Xbox-reeks ontvang.
Die wenners in die eerste plek het ’n PS5-speletjiekonsole ter waarde van R15 000 ontvang.

’n Bykomende element tot die droommotorkompetisie was geldpryse aan die skole wat die meeste inskrywings ingesamel het. Meer as 225 skole reg oor Suider-Afrika het ingeskryf en die drie beste presteerders was die Laerskool Cresslawn met 516 (eerste prys – R15 000), Benoni Junior Skool met 350 (tweede prys – R10 000) en Tyburn Primêre Skool – 339 (derde prys – R5 000).

“Toyota Suid-Afrika Motors bedank graag al die kinders wat aan die droommotor-kunskompetisie deelgeneem het en wens almal geluk met hul prestasies. Ons hoop die pryse sal baie help om al die wenners op te hef en ons moedig alle kinders aan om verder te droom,” sluit Crompton af.

Finale plasings vir die Toyota-droommotor-kunskompetisie is hier onder te sien:

| AFDELING 1: Jonger as 8 jaar |
| --- |
| **5de plek: Kelsey Koosihal (6)**<br><br>Hierdie “slushy power”-droommotor is ’n Toyota wat deur Kelsey se gunstelingdrankie, ’n slushy, aangedryf word. Kelsey wil graag met shlushies deur die sterrestelsel reis.<br> |
| **4de plek: Mia Tait (6)**<br><br>’n Onderseese temamotor, wat wys hoe ons in ’n duikboot onder die see in ’n perfekte wêreld leef. |

•• PROTECTED 関係者外秘




**3de plek: Riley Adams**

Onderwater-seeskoonmaker – dié droommotor maak al die besoedeling in die see skoon.




**2de plek: Ezrin Carney (6)**

Die Vlieënde Suier – hierdie droommotor suig besoedeling in die see en op land op.



**1ste plek: Kimberley Aravasundrayen**

Hierdie droommotor is die "Toyota Fly"-motor, wat veranderlik is. Die motor vlieg, wat beteken dit is nie nodig om 'n vliegtuig te gebruik nie. Dis vinnig en buitengewoon en het ingeboude musiekinstrumente.




## AFDELING 2: 8 - 11 jaar

**5de: Abdul Kanamugire (10)**

Abdul se droommotor heet VacMobeel. Dit is 'n motor wat rommel in stede opsuig, wat help om vullis op aarde te verminder. Hierdie motor gaan stede skoon hou.




**4de: Kacey Dirks (9)**


My Toyota Air Car – Kacey verpes hoe lank dit neem om soggens weens digte verkeer by die skool te kom, en hierdie vlieënde motor gaan die oplossing wees!



•• PROTECTED 関係者外秘


**3de: Annabella Govender (9)**

My Toyota Coral is 'n eko-vriendelike sonkrag aangedrewe motor, wat ontwerp is om onder die see te reis en help om seebesoedeling op te ruim. Die motor kan ook sy kleur soos 'n vis verander om vriendelik by die seelewe te pas.



**2de: Sarvesh Moopanar (11)**


Die toekoms van Toyota – hierdie motor sal deur koolstofdioksied aangedryf word en suurstof in die lug vrystel, wat tot 'n gesonder wêreld vir alle lewende dinge op ons planeet sal lei.




**1ste: Yusuf Adam (10)**

Die Toyota Eco-Cruiser is 'n vlieënde motor wat met sonenergie en windturbines werk. Dit is ontwerp om omgewingsuitdagings te bekamp. Dié droommotor maak die oseane skoon, beskerm diere teen stropers en verskaf lig en energie aan stede.

•• PROTECTED 関係者外秘




**AFDELING 3: 12 - 15 jaar**

**5de: Keren Kikasu (13)**

'n Buitengewone voertuig – Keren wil graag 'n regte sonkrag vuurspuwende voertuig sien wat die ruimte in kan vlieg en asteroïdes kan keer om ons heelal te vernietig.




**4de: Diteboho Mathaha (13)**

Hierdie weergawe van die Supra word deur 'n V12-kragbron aangedryf, wat dit binne 10 sekondes die ruimte in kan stuur. Die rook wat deur die aandrywing afgegee word, sal goeie gas wees en enigiemand wat dit inasem, 'n goeie mens maak.

•• PROTECTED 関係者外秘




**3de: Morné van Zyl (12)**

Hierdie droommotor verteenwoordig die skitterende, lewendige tonele/prente in 'n mens se droom. "Ek sal graag verskillende biome en plekke in die wêreld in hierdie 'piesang'-motor wil saamneem."




**2de: Khanyi Buthelezi (14)**

Zelo, die renmotor – "Meisies, droom groot. As jy in motors wil jaag – doen dit! Moenie jouself beperk nie. In my droomwêreld sal almal hul droommotors kan bestuur en deel van die motorsportgemeenskap kan wees, as hulle wil."



**1ste plek: Louchenzo Ramsay (13)**

Toyota Fly Higher – Louchenzo se droom is om 'n vlieënde motor te hê. Dié motor kan 'n alledaagse motor wees. Dit behoort mense te beïnvloed om meer op avonture te gaan deur om die wêreld te vlieg.



EINDE